HOËRSKOOL STRAND

# GREPE UIT 'N GOEIE GESKIEDENIS

WAAR JONG ARENDE SWEEF

## DIE ONTSTAAN VAN DIE WINTERINTERSKOLE
## DEEL 10

In 1968 het die twee buurskole mekaar vir die heel eerste keer die stryd op die rugbyveld aangesê. In 'n lewendige, maar taai wedstryd moes die Hoërskool Strand se O.19A-span die knie buig met 6 – 11 teen die Hoërskool Hottentots-Holland.

Na samesprekinge met die skoolhoof van die Hoërskool Hottentots-Holland, maak mnr. A.H. Potgieter aan die einde van 1975 in sy jaarverslag bekend dat daar van die volgende jaar af 'n volskaalse interskole tussen die twee buurskole in die vooruitsig gestel word. Hierdie voorgenome tweestryd sou 'n nuwe era op sportgebied in die Helderbergkom inlei.

Op 29 Januarie 1976 word geskiedenis gemaak toe 'n komitee bestaande uit verteenwoordigers van beide skole bymekaar gekom het om 'n volwaardige Interskole tussen die twee hoërskole te reël. Die groot dag het op 22 Mei plaasgevind.

Mnr. Potgieter berig in sy jaarverslag oor hierdie grootse gebeurtenis as volg: “Hierdie eerste Interskole was wat gehalte, die intensiteit van deelname en die gees waarin gewedywer is, 'n reuse sukses.

Die dogters van die Hoërskool Strand het in hokkie en netbal die vaandel hoog laat wapper en die eerste Interskole op oortuigende wyse gewen. Wat rugby betref, het die Arende, ten spyte van 'n moedige poging, die vlag gestryk teen 'n begeesterde eerste span van die Hoërskool Hottentots-Holland.”

Tydens die Interskole in 1977 op die velde van die Hoërskool Hottentots-Holland wen al die netbalspanne hul wedstryde. Na 'n taai wedstryd slaag die eerste rugbyspan ook daarin om hul wedstryd te wen, maar die eerste hokkiespan het die onderspit gedelf.

In 1977 is daar ook 'n begin gemaak met 'n interskole-byeenkoms in Landloop teen die Hoërskool Hottentots-Holland. Die Arende slaag daarin om in al die ouderdomsgroepe te wen.

In 1978 moet die eerste netbal- en rugbyspan ongelukkig die knie buig voor die hul buurskool.

1978 kan egter as een van die bloeitydperke in die hokkie-geskiedenis van die Hoërskool Strand aangeteken word. Tydens die jaarlikse Interskole seëvier die Arende met pragvertonings in al hul wedstryde.

Die langverwagte ideaal van 'n eie pawiljoen is in 1980 verwesenlik. Die hoogtepunt van die amptelike inwyding van die pawiljoen tydens Interskole was beslis die puik oorwinnings in moeilike, winderige toestande.

In 1982 maak die Hoërskool Strand met die jaarlikse Interskole skoonskip deur al drie die eerstespan wedstryde in rugby, netbal en hokkie te wen.

In 1987, tydens die skool se silwer jubileum, wen die O.19-seuns landloopspan vir die eerste keer in tien jaar hul interskole-kragmeting teen die Hoërskool Hottentots-Holland. Elke hokkie-ondersteuner sal ook die Interskole-wedstryd van daardie jaar onthou toe **Elzette Engelbrecht** in die doodsnikke van die wedstryd die gelykmakende doel vir die Hoërskool Strand geskiet het.

In 1990 stig die Hoërskool Strand 'n muurbalklub en sommer gou kan die skool met reg daarop aanspraak maak dat hy een van die vooraanstaande muurbal-skole in die Noordelike voorstede is. In 1996 word die Retha Maass-beker vir die vierde agtereenvolgende jaar tydens Interskole verower.

Skaak tree ook later tot die Interskole-stryd toe en seëvier tot 2007 gereeld oor die Hoërskool Hottentots-Holland.

In die daaropvolgende jare word Interskole veral gekenmerk deur die goeie gees waarin die twee buurskole gereeld teen mekaar meeding. Dit is dan ook om hierdie rede gepas dat die Hoërskool Strand se vyftigjarige feesvieringe vanjaar 'n hoogtepunt bereik wanneer ons as gasheer van die 37 ste Interskole weer eens ons kragte op verskeie sportterreine teen ons buurskool gaan meet.